

DIE REPTIELE VAN DIE ORANJE-VRYSTAAT

DEEL III

J H van Wyk

DIE AKKEDISSE (SUB-ORDE SAURIA)

In deel II het ons na die eerste twee van die sewe akkedisfamilies wat in die Vrystaat voorkom, gekyk. In hierdie uitgawe sal ons dan voortgaan en meer spesifiek kyk na voorbeeld van die familie Gekkonidae (Geitjies) wat in die Vrystaat voorkom.


III. FAMILIE GEKKONIDAE (Geitjies)

Die woord **geitjie** herinner 'n mens dadelik aan die 'goggatjie' wat so dikwels teen die muur of plafon by ons huise gesien word. Hierdie akkedisse word veral gekenmerk deur hulle sagte vel, vergrote tone met suiers onderaan en die afgooi van hulle sterte as 'n verdedigingsmeganisme.

In Suid-Afrika is nagenoeg 95 verskillende soorte geitjies (spesies en subspesies) wat in 14 groepe (genera) ingedeel word. Verteenwoordigers van slegs vier van hierdie groepe, met so min as agt verskillende soorte, is in die Vrystaat te sien.




SLEUTEL TOT DIE GENERA Familie Gekkonidae



GENUS PTENOPUS

PTENOPUS GARRULUS GARRULUS (Smith)
Blaffende geitjie of klein grondgeitjie



S.A.-verspreiding: Westelike S.W.A., Noord-Kaap en Noord-Transvaal.

Kleur: Rugkant vertoon lige oranje-bruin en donkerbruin merke en die onderkant is gewoonlik wit. Die mannetjies vertoon 'n helder geel keelvel gedurende die broeiseisoen.

Grootte: Grootste mannetjie in die O.V.S. = 77 mm.

Grootste wyfie in die O.V.S. = 80 mm.

Habitat: Hulle bly in gate onder bossies of grasperke in plat, grasbedekte dele. Net voor sononder steek hulle hul koppe uit en maak 'n kenmerkende geluid ('gack-gack-gack').

Voedsel: Termiete, miere en klein kewers en ander insekte.

Voortplanting: Eierlêend (moontlik 2 eiers).

GENUS AFROEDURA

Die twee soorte (spesies) van hierdie groep kan slegs met behulp van 'n handvergrootglas van mekaar onderskei word.

Afroedura karroica halli
Afroedura nivaria

AFROEDURA KARROICA HALLI (Hewitt)
Berggeitjie



S.A.-verspreiding: Berge van die Noordoos-Kaap, Lesotho, en Oos-Vrystaat. (Let op dat hierdie geitjie nog net op Thaba Pachaberg in die Vrystaat versamel is.)

Kleur: Die rugkant is bleek-grys met verskeie onreëlmaterige, donker, met-wit-omlynde dwarsbande. Kop, ledemate en stert vertoon donker vlekke. Maagkant gewoonlik wit.

Grootte: Grootste mannetjie in die O.V.S. = 110 mm.


Grootste wyfie in die O.V.S. = 92 mm.

Habitat: Gewoonlik in rotsskeure.

Voedsel: Meestal miere en kewers.

Voortplanting: Twee eiers word in die somer onder rotse of klippe vasgeheg.

AFROEDURA NIVARIA (Boulenger)
Drakensberg-geitjie



S.A.-verspreiding: Transvaal, Natal, Noord-Kaap en Noordwes-O.V.S.

Kleur: Die rugkant vertoon grys-bruin en soms is donker bande of verspreide lige kolle te sien. 'n Donker lyn vanaf die neusgat, deur die oog tot op die skouer mag sigbaar wees.

Grootte: Grootste mannetjie in die O.V.S. = 74 mm.

Grootste wyfie in die O.V.S. = 72 mm.

Habitat: Alhoewel hulle tussen rotse aangetref word, leef hulle meestal in bome, veral onder die bas van Akasiabome.

Voedsel: Meestal insekte.

Voortplanting: Twee ovaalvormige eiers word op 'n keer gelê.

S.A.-verspreiding: Vanaf die Amatolabergreeks in die Oos-Kaap, noordwaarts langs die Drakensbergreeks tot in die westelike dele van Natal en die Oos-Vrystaat.

Kleur: Rugkant vertoon ligbruin met onreëlmaterige, donker dwarsbande op rug en stert. Soms verloop 'n donker streep deur die oog. Die onderkant is meestal wit.

Grootte: Grootste mannetjie in die O.V.S. = 108 mm.

Grootste wyfie in die O.V.S. = 100 mm.

Habitat: Hoog in die berge, in rotsskeure. Selfs al bokant die sneeuwyn gekry.

Voedsel: Meestal insekte.

Voortplanting: Twee eiers word in die laat somermaande aan rotswande vasgeheg.


GENUS PACHYDACTYLUS

Vier verskillende soorte word onderskei.




Afswisselend donker en wit dwarsverlopende bande op die rugkant.

P. marquensis




Donker kolle versprei op die rugkant.




Lengteverlopende rye (4), wit omlyne donker kolle op die rugkant.

P. maculatus




Donker kolle onregelmatig versprei op die rugkant.



Die rugkantskubbe is nie sterk gekiel nie.

P. capensis




Die rugkantskubbe is sterk gekiel.

P. bibronii

PACHYDACTYLUS MACULATUS OCULATUS (Hewitt)
Noordelike gespikkeld geitjie



PACHYDACTYLUS CAPENSIS CAPENSIS (Smith)
Springgeitjie, Algemene Kaapse geitjie



S.A.-verspreiding: Vanaf Tarkastad, die Oos-Kaap, noordweswaarts tot by Colesberg en Norvalspont en vandaar verder noord tot in Noordwes-O.V.S.

Kleur: Die rugkant vertoon ligbruin met groot, ronde, donkerbruin kolle wat met wit omlyn is en in vier lengteverlopende rye gerangskik is. Soms is daar aan beide kant van die kop 'n breë, bruin band wat dan deur die oë verloop en na mekaar toe loop op die agterkant van die kop, maar nie saamsmelt nie. Die maagkant is gewoonlik wit.

Grootte: Grootste mannetjie in die O.V.S. = 105 mm.


Grootste wyfie in die O.V.S. = 99 mm.

Habitat: In skeure en onder klippe in die omgewing van koppies.

Voedsel: Sprinkane en ander insekte.

Voortplanting: Die eiers word in pare gelê en aan 'n rotswand vasgeheg.

PACHYDACTYLUS MARIQUENSIS MARIQUENSIS
(Smith)
Marico-geitjie



S.A.-verspreiding: Suidelike helfte van die O.V.S. en dan verder suidwaarts tot in Suid-Kaap.

Kleur: Die rugkant is liggrys met vyf tot sewe onregelmatige, donkerbruin, swart-omlynde bande wat v-vormig oor die rug strek. Soortgelyke bande kom op die stert voor. 'n Donker kol wat saamsmelt met een tussen die oë is soms op die kop te sien asook 'n breë, bruin band deur die oë.

Grootte: Grootste mannetjie in die O.V.S. = 93 mm.

Grootste wyfie in die O.V.S. = 97 mm.

Habitat: Hulle woon in gate in die grond en dan veral ou gate van die valdeurspinnekop.

Voedsel: Insekte.

Voortplanting: Twee tot drie eiers word in die somermaande gelê.

S.A.-verspreiding: Al die platogedeeltes van Suid-Afrika.

Kleur: Liggris tot ligbruin op rug met wit en donker kolle gevlek. Soms vertoon onregelmatige bande op die rug en 'n donker band deur die oë is ook gewoonlik sigbaar. Onderkant meestal wit.

Grootte: Grootste mannetjie in die O.V.S. = 105 mm.

Grootste wyfie in die O.V.S. = 99 mm.



Habitat: Meestal aangetref in ou miershope, onder klippe en stompe.

Voedsel: Insekte.

Voortplanting: Eiers word in die somermaande gelê in ou miershope en onder klippe.

PACHYDACTYLUS BIBRONI (Smith)

Blinkogie



S.A.-verspreiding: Noord- en Wes-Kaap, Wes-Vrystaat en Transvaal.

Kleur: Die rugkant is ligbruin tot grysbruin met golwende donker dwarsbande. Kenmerkend is die verspreide wit skubbe wat op die rug te sien is. Twee donker bande vertoon langs die kop, waarvan slegs een deur die oog loop.

Grootte: Grootste mannetjie in die O.V.S. = 191 mm.

Grootste wyfie in die O.V.S. = 184 mm.

Habitat: Kom meestal in rotsskeure voor asook in ou geboue.

Voedsel: Meestal miere, termiete, kewers en ander insekte.

Voortplanting: Twee eiers word in die somermaande gelê.

BIBLIOGRAFIE

- BRAIN, C.K. 1962. A review of the gecko genus *Ptenopus* with the description of a new species. *Cimbebasia* 1: 1-18.
 BRANCH, W.R. 1981. An annotated checklist of the lizards of the Cape Province, South Africa. *Ann. Cape Prov. Mus. (Nat. Hist.)* 13: 141-167.
 DE WAAL, S.W.P. 1978. The Squamata (Reptilia) of the Orange Free State, South Africa. *Mem. nas. Mus., Bloemfontein*. 11: 1-160.
 FITZSIMONS, V.F.M. 1943. The Lizards of South Africa. *Trans. Mus. Mem.* 1: 1-528.
 GOIN, J.C., GOIN, O.B. and ZUG, G.R. 1978. *Introduction to Herpetology*. San Francisco: W.H. Freeman and Company.
 HAACKE, W.D. 1975. The burrowing geckos of Southern Africa, I (Reptilia: Gekkonidae). *Ann. Trans. Mus.* 29: 197-247.
 LOVERIDGE, A. 1947. Revision of the African lizards of the family Gekkonidae. *Bull. Mus. comp. Zool. Harv.* 98: 1-469.